



DEEL I. No. 2.]

APRIL, 1896.

[4S. PER JAAR.

### INHOUD.

WELKOMSGROETE AN "ONS KLYNTJI."—(Gedig.)  
 DI KONINGIN VAN SKEBA.—II. Di ontdekte Per-  
 kamentrol (Met Prnt.).  
 DI INVAL VAN DR. "JIEM"-SEUN SYN ROWERS-  
 BENDE.—(Gedig.)  
 OUPA SYN HOEKI.—(Winteraandstoriis ver Afri-  
 kaanse Kinders: Di Slangsteen.  
 GELUKWENS OP DI GEBOORTE VAN "ONS  
 KLYNTJI."—(Gedig.)  
 BRAND OP SE.

DI AFRIKAANSE TAAL.—(Gedig.)  
 Ons Y' GESKIDENIS.—Di Jameson Inval: Ver-  
 slag geskrywe deur Komm. Cronje (met kaart  
 van Slagveld).  
 PRATJIJS OER DI NATUUR.—Ons Sonnestelsel.  
 SKETSE VAN ONS VOLSKARAKTER.  
 VREEMDE GODSDIENSTE.  
 DI AFRIKAANSE VOLKSLIED.—(Gedig.)  
 RAASISELS.

*M. Glassberg's*  
**PHOTOGRAFISCHE ATELIER**  
 te Paarl en Worcester  
Markt Plein. Russel Street.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN ZEER BILLIJKE  
 PRIJZEN.  
 OUDÉ PORTRETTEN VERNIEUWD EN VERGROOT TOT LEVENSROOOTE.  
 SCHILDERIJLYSTEN  
 VAN BENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGIVING GEMAAKT.  
 SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTEN.  
 ALLE WERK WORDT GEWAARBORG'T EIGENHANDIG TE ZIJN.

# President MARTHINUS T. STEYN.



'n Man met eer alom bekend  
Is Vrystaats nuwe President.  
Hy 's van ons eige vlees en bloed;  
Syn hart klop reg, di keus was goed.

En daarby vrees hy ook di Heer,  
Ous krië gen beter man begeer.  
Staan hon nou trouw, dan kom dit reg.  
S'n Oom Jan Brand al hét geseg.

God segen hom met Volk en Raai,  
Di Kerk en Maatskappy en Staat.  
Dit, Broeders! is di heilwens van  
"Ons Klyntji," en van jul vriend  
OOM JAN.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 1.]

ONS KLYNTJI, APRIL 1896.

[No 2.

## Inhoud.

WELKOMSGROETE AN "ONS KLYNTJI".—(Gedig)	17
DI KONINGIN VAN SKEBA.—II. Di ontdekte Perkamentrol (met Prent).	17
DI INVAL VAN DR. "JIEMS"—SEUN SYN ROWERSBENDE — (Gedig)	21
OUPA SYN HOEKLI—Winteraandstoriis ver Afrikaanse Kinders: Di Slangsteen.	21
GELUKWENS OP DI GEBOORTE VAN "ONS KLYNTI".— (Gedig).	23
BRAND OP SE.	24
DI AFRIKAANSE TAAL—(Gedig)	26
ONS Y'E GESKIDENIS.—Di Jameson Inval: verslag geskywe deur Komm. Cronje (met kaart van slagveld)	26
PRAATJIS O'ER DI NATUUR.—Ons Sonnestelsel...	28
SKETSE VAN ONS VOLSKARAKTER.	29
VREEMDE GODSDIENSTE	30
DI AFRIKAANSE VOLKSLIID—(Gedig).	32
RAAISELS	32

## Welkomsgroet an "Ons Klyntji."

Welkom, "Klyntji!" is jy daar?  
Oos het lang op jou gewag!  
Dis al Een-en-Twintig jaar!  
Kom jy nou eers voor di dag?

Sal hul nou met jou oek spot,  
Nes voor Een-en-Twintig jaar  
Met jou Pa, "di Patriot?"  
Of kry jy dit ni so swaar?

Ja, jou Pa was net so klyn,  
En syn viinde was mar min.  
Vyftig trek mar an syn lyn,  
Só kom by di wêreld in.

Mar hy bang ni, hy hou moed;  
Hoe Herodus oek wou moor.—  
Jy is oek van eedlike bloed,  
En hul kan jou stem ni snoor.

Arri! dit het stryd gekos;  
Mar hy groei by tegenstand;  
Hy verweer hom vas en los—  
Is 'n mag nou in ons land.

So sal dit met jou oek gaan;  
Blyf mar aan syn leus getrou:  
Om ver Land en Volk te staan,  
En ons Taal in eer te hou!

OOM JAN.

## Di Koningin fan Skeba,

OF

## SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[HISTORISE ROMAN DEUR Ds. S. J. DU TOIT.]

## I. DI WITTE KONINGIN EN DI SWARTE TOWERDOKTER.

*Skemerdonker by Witson syn graf te Zimbabwe.—Aleen langs di Aandvuur by di Wa—'n Freemde Besoeker en nog freemder Stori.—Di Swarte Kaptyn boop, en di Witte Koningin onder di Kop.]*

## II. DI ONTDEKTE PERKAMENTROL.

*By Naq deur Bosse en Klippe—3 Sware Klipdeure.—Tussen Flêrmuisse, Geraamtes en Biirpotte.—'n Moeilike Ondraardse Gang—'n Doolhof van Kamers.—Di Tersegelde Kamer onder di Geheimsinnige Toren.—Di Kis van Grani't en wat daarin uas.*

 NS had mar 2 lantérns by di wa, en een daarfan was met 'n rooie lig, wat ek by di portret-nemery gebruik. Nou moet ons and' loop gaan, en dit was werkelik so donker dat jy gen hand foor jou oge kon siin ni, terwyl nog so nou en dan enkele grote druppels uit di lug fal nes trane.

Umsalomi—so was di towerdokter syn naam—loop voor; ek agter hom met myn rooi lantérn in di een, en myn rewolwer in di ander hand; want ek was nog mar

al di tyd bang dat hy sou weg loop, daarom dryg ek om hom te skii as hy wil flug ; en ons ander 3 frinde agteran met di ander lantèrn.

Ons moes almal op 'n streep agter makaar loop, want di foetpatji is mar smal. En so loop ons, struikelende en fallende en slingerende, deur di oue rewinies en klippers. Di grote tempel waar ons wa staan lê omtrent 'n halwe myl suid fan di kop, en Umsalomi ly ons om na di oostekant fan di kop.

Naderhand had ons glad gen foetpad oek meer ni, en moes ons fortsukkel deur di hoge gras en bosse. Neef Hendrik het al 'n paar male gesê : "Di Kaffer ferly fer ons ; wi weet waar hy ons fannag in breng ; dit lyk of hy self ni weet waarnatoe ni." En Neef Gideon had al angemerkt : "As dit mar ni 'n plan is fan di Kaffer om fer ons weg te lei fan di wa af ni, dat hulle ons kan besteele ni." Mar ek wou di end fan di stori weet, en hou mar fol : "Né, kom mar, wat, laat ons siin waar hy ons wil breng."

Naderhand begin ons teen di kop uit te klim ; it word al styler en ongemakliker. Deur hoge bosse en bome, tussen graniitklippe deur. Dit word nou so ruig en ongemaklik in di donker, dat ek oek al moeg worde en amper wil moed opge.

Yndelik kom ons onder 'n klomp hoge en digte bosse onder 'n krans. Daar bly Umsalomi staan en wys fer ons op 'n grote platte klip wat skuins lê, half toe met grond, en sê : "Dis di plek."

Met hande en voete skraap ons haastig di los grond weg fan di klip af, en nou met ferenigde kragte wou ons di klip somar anpak en wegskuiwe. Mar wi sê ? Dis onmolk te swaar. Mar Umsalomi sê : "Wag ! wag !" En hy gaan uit 'n klipskeur daar digteby 'n koefoot haal. Neef Hendrik en Henni was di ster-ste en hulle 2 fat di koefoot, en stek dit onder di klip in, en lig dit so effe op. Ons ander 3 fat met di hande en so sny ons di klip eenkant toe weg. Mar dit het sweet gekos.

Ja, daar is 'n gat. Met koes kon ons een- een daarin kruip. En nadat ons omtrent 'n 50 of 60 tré styl afdraend en mees gebuk geloop het, word di gang hoger en breder en kon ons orent loop. Nog 'n 20 of 25 tré, to n kom ons in 'n ruime grot of kamer, ged eltelik n-tuurlik en gedeeltelik uitgegrawe e.o. opgebou, soos dit lyk.

Dit was 'n rare bedompige lug daarin, en di flermuisie fliig en warrel so roud, dat di eerste indruk ni plisirig was ni. Di groot is omtrent 12 by 20 tré, en is fol geraamt s fan di bokke, wat hulle fan jaar tot jaar hiir geslag het, en fan 'n menigte érde potte, wat hulle fol biir hiir neergeset het. Ein di wonderlikste is, elke pot is 'n klyne stukki uitgebreek, almal net eenders.

"Daar is nou di bokke en biirpotte wat ek fer julle fan fertel het," sê Umsalomi. En toen begin ons al meer geloof te slaan in syn ferhaal. Mar ferdier siin ons niksa bisonders hiir ni. Alleen in di een hoek siin ons gaan we.r 'n gang diper in. Ons fra hom toen

waarnatoe di gaan. Eers sê hy, hy weet ni ; hy was nooit diper in gewees ni.

Mar toen ons hom dryg, dat ons hom sal dood skui, as hy ni fer ons alles wys en sê ni, fertel hy di pad loop al onder di grond tot by di grote gebou waar ons wa staan, en 'n ander pad draai weer regs daaruit, deur 'n onderaardse rifir, reg onder di kop in. Ons sê tecen by moet mègaan en fer ons breng by al di plekke. Mar daarfan wou hy ni hoor ni. Hy hou mar an, hy mag ni, di witte koningin sal fer hom dood maak, en fer ons oek.

Henni maak toen 'n plan, en sê fer hom : "Ons ken di witte koningin, en sy het een fan haar noiens gestuur om fer ons te nooi ons moet by haar kom kuier ; want sy wil met o:s 'n boodskap stuur fer Rhodes, dat hy ni ander witte mense hiir moet laat kom woon ni ; want dis haar folk wat hiir woon, en sy wil ni hé di witte mense moet fer hulle kom ferdruk ni. En daarom is ons nou hiir."

Henni siin toen, hy kyk nog ongelowig, en sê fer hom : "Nou toe, jy is mos 'n dolos-gooier. Fra nou fer jou dolo:se, dan sal jy siin of dit ni waar is ni."

Hy haal toen syn dolosse af, en skud hulle deur makaar in syn dubbele hande, en prewel so half hard : "Sadokka, skrywer en towenaar van di slimme en ryke koning wat alles weet en alles kan doen, wat di gehyme we t en di mond is fan di witte koningin, sê nou fer my di waarhyd, of ek di Abalanga (witte mense) moet inbreng tot in di kamer fan di toren !"

Al di tyd wat hy dit prewel skud hy di dolosse in syn dubbele hande. Toen hy klaar het gooie hy di dolosse in Henni syn dubbele hande en sê : hy moet fer hulle op di grond gooie. "Au !" roep hy, toen hy di dolosse deur gekyk het. "Au !" roep hy nog 'n slag fol ferbasing. Henni fra fer hom : waarom hy so ferbaas is ? Hy kyk fer ons an, en sê : "Di Mosimos (g'este van di afgesterre oue mense) léwe in di Abalanga." O s fra fer hom, waaran hy dit siin. Hy sê, ons moet oplet al di dolosse lê met bulle kope na ons toe ; en nou kan ons mar kom, hy sal fer ons breng tot in di gehyme kamer onder di g'ote toren.

O s gaan toen agter hom an. Di gang lyk gedeeltelik gemaak ; by plekke nouer, sodat ons een-een agter makaar moes loop, en by plekke so wyd dat 2 langes makaar kan loop. Dit gaan met draaie en slingeringe, en hiir en daar is 'n soort fan klyne ruimte nes 'n kamer, omtrent nes di Katekombe of onderaardse begraafphase by Rome. Mar ho, ong oek al oplet, nergens siin ons graftie ni. Want dit was waar ek fernamlik na gekyk het, omdat ek ferwag om by di graftie oue gedenkstukke en molik oek geskrifte te kry.

Nadat ons 'n end geloop het, by plekke gebukkend, draai daar regtig 'n gang regs weg, soos Umsalomi gesê het. Ons bly by di ingang daarfan 'n rukki staan, en kon 'n onderaardse rifir hoor loop.

Daarfandaan draai ons gang toen heeltemal lin's weg. En di end was fer ons vreselik lank, temeer omdat

di lug so bedompig is, dat ek al by my self benoud word dat ons sal ferstik. Want 'n mens kon duidelik merk dat daar froeger, toen di gange nog gebruik werd, luggate op sekere afstande was. Hiir en daar kon 'n mens nog siin was uitgange na bo, denkelik waar di rewines nou is tussen di kop en di gr te gebou.

Naderhand kom ons op 'n plek waar di grond ingefal en di gang amper heeltemaal toe was. Mar almal was toen al te nuwsgirig om di end te siin. Ons begin di los klippe weg te vol en met moeite kry ons naderhand so'n opening dat ons kon deur kruip.

Toen mar weer fort gesukkel.  
Di lug word al bedompiger.  
Ons lampe brand al doffer. Ek werd nou al by myself ongerus,  
dat ons ligte heeltemal sou uitgaan, en dat ons kon ferstik.

Meteen kom ons foor 'n klipdeur, wat di gang afsluit. Umsalomi trek 'n stopklip uit onder en bo aan di eenkant. Toen haal hy eenkant 'n soort fan yster, amper nes 'n koefoot, uit en sê ons moet fer hom help om di klip eenkant toe te skuiwe. Dit gaan makliker as ons gedenk het. Ons kom toen in 'n tamelijk grote fertrek, waaruit ferskye uitgange gaan na ferskillende kante.

Umsalomi sê toen : "Nou is ons onder di grote ronde gebou, waar ons wa staan, en hiir is nou baing aparte fertrekke, wat lank tyd sal neem om deur te soek." Ons fra fer hom, of hiir ni grafte is fan di oue mense ni. Hy sê : "Né, hulle het ni hiir begrawe ni. Hy het gehoor fer hiirfandaan af is 'n berg, waar di oue mense begrawe is." Op ons vraag : of hiir ni oue gedenkstukke of gedenkskrifte is ni, sê hy : "Ons moet dan kyk in di gehyme versegelde kamer onder di toren." Op ons vraag of hulle dan nog ni daarin was n', sê hy : "Né, hulle is bang fer di Witte Koningin, daarom het hulle nooit daarin gegaan ni, en oek nooit iits hiiruit weg geneem ni, en hulle denk di Mosimos woon nog onder di toren en hiir in di onderraardse fertrekke." Ons fra fer hom toen : "Hoe dan fan di plek weet, of hy dan al meermale hiir was." Hy antwoord : "Soos een as 'n

nuwe towerdokter ingewy word, dan moet hy eers same met di kaptyn en 3 indunas hiir kom trou sweer an di kaptyn en an di Witte Koningin, en dat hy nooit fer imand di ghyme fan di plek sal openbaar ni. En so moet elke nuwe kaptyn oek hiir kom sweer. Dit vind p'aas net foor di klipdeur fan di gehymsinnige kamer onder di grote toren."

Ons vraag hom toen, hy moet ons by di deur breng, en hy ly fer ons deur 'n doolhof fan ferskillende klyne fertrekke en kronkelgange. Toen ons by di klipdeur kom, siin ons dis fan 'n soort fan lysteen of sagte



DI GEHYMSINNIGE TOREN IN SIMBABWE, WAARONDER DI PERKAMENTROL ONTDEK IS.

seepsteen (ni van graniit, soos di orige bouwerk ni), en allerhande tekens en figure is daarop uitgewerk, party lyk na wiskundige en sterrekundige tekens. Een daarfan was ten minste duidlik di ondergaande son en di opgaande folle maan. Mar ons was te nuwsgirig om binne te gaan, en gun ons di tyd ni om alles te bekijk ni. Umsalomi wys fer ons 2½ fan strepijs op di klipdeur en sê : di een ry is fan al di kaptyns wat op di kop geregeer het, en di ander ry fan hulle towerdokters. In di haas het ons dit ni getel ni, mar ek skat dit enige honderde.

Ons fra toen fer Umsalomi, hoe ons dit moet ope kry. Hy sê, as ons dit ope maak sal daar weerlig ui'slaan, dat ons almal sal dood fal; want di oue mense het fertel, dat hulle eenkeer dit ope gemaak het, en daar het fuur uitgekom; en daar m het hulle nooit weer gewaag om dit ope te maak ni. Ek sê toen an di frinde : Dis mo'ik dat so iits gebeur is ; want toen di Romyne Keiser Julianus di onderaardse gewelwe onder Jerusalem laat opegrawe het deur syn soldate, om na di Ferbondsark te soek, het di lug wat so lank ingesluit was oek an di brand geslaan, toen dit ope gemaak werd, en di soldate wou toen ni ferder grawe ni ; want hulle sê : di Fuurgod fan di Jode woon nog al di tyd daar onder Jerusalem. Ons moes dus nou besluit of ons op di gevaaar af tog sou probeer om di deur ope te kry.

Dear was toen 'n huiwering onder ons, of ten minste 'n beraad : Sal o:s ? of sal ons ni ? Party wys daarop dat di lug al reeds so bedompig is, en as daar nog meer stiklug uit di gesluite ferteek kom, kan ons almal daar fersmoor. Mar om nou daar om te draai, daartoe was di een te nuwsgirig en di ander find dit te luhhartig. Yndelik besluit ons om dit deur te sit. Mar toen wil of kon Umsalomi ons ni sê hoe ons di klipdeur kon ope kry ni. Ons begin toen mar self te ondersoek, en yndelik siin ons dat di deur onder an een kant gestop is met 'n klipkyl fan omtrent 'n duim dik. Met enige moeite kry ons di kyl uit. Di deur sak toen an di kant 'n duim-en kom so bo uit syn groef uit. Toen kon ons di deur draai en ope maak, nes ons gewone hout deure.

En net soos di deur ope gaan, kom daar in plaas van stiklug, 'n koele lugstroom uit di kamer uit, wat denkelik deur di skeure en openinge fan di graniitstene, waarvan di Toren opgebou is (sonder klei of kalk of cement), deurdring na onder. Di kamer is onregelmätig rond nes di hele gebou bo is, en di gebou met 'n verwulf, wat ons 'n nuwe bewys is, dat di oue mense oek al goed geweet het wat di krag fan 'n verwulf was, soos di opgravings by Jerusalem oek antoon.

Binne in di kamer was niiks as net 'n kis fan graniit met 'n deksel op, en bo op di deksel 2 fo'els omtrent soos di fo'els wat Bent en Willoughby bo op di kop gekry het, net mar hulle was wat groter en fan goud.

Neef Gideon had syn maatlyn by hom en sê dadelik : " Wag laat ons eers di grote fan di kis afmeet."

Dit was van buite 7 foet 5 duim lank, 3 foet 2½ duim breed en 3 foet 5½ duim hoog. Ek sê toen dadelik fer hulle : so fér as ek my herinner is dit persijs di grote fan di stene kis in di Konings Kamer in di grote Piramide fan Gisé in Egipte en fan di Ferbondsark wat in di Allerlyiligste fan di Tempel en fan di Tabernakel gestaan het.

Mar ons hart brand toen al om te weet wat in di kis is. Di deksel was omtrent 3 duim dik, fan graniit. Dit was dus gen kinderspulletjijs fer 4 man om dit af te baal ni, want Umsalomi het buitekant by di deur bly staan, en wou eers ni ingaan ni. Mar toen hy siin, dat ons niiks o'er kom ni, en ons hom weer roep, kom hy oek by en ons 5 het toen eers verkant di deksel opgelig en 'n klip fer 'n stut daar onder geset, en toen weer di ander kant oek uitgelig en geset ; en toen het ons di deksel sutjijs een kant toe laat afsak.

E n van ons vrinde had fooraaf di al merking gemaak : dis seker 'n sarkofaag, of doodkis fan stene. Mar ek had hulle al fooraaf gesê : ek het baing stene doodkiste gesiin in Egipte en op andere plekke, en hier-di kis is te klyn daarvoor en het oek ni di form ni. Dit lyk eer na 'n gewyde of hylige Ferbondsksis.

Toen ons dit ope had sin ons binne-in 'n goue offerbak of wirookfat, 3 goue eiers, fan ferskillende grote, en 'n goue koker, wat pragtig uitgewerk en fersiir is. Nou het ek al meer sulke kokers gesiin, waarin di oue perkamentroll bewaar is, besoorbeeld di waarin di Samaritane hulle oue afskrif fan di 5 boeke fan Moses bewaar. Daarom spring myn hart somar op toen ek di koker siin, en di eerste gryp ek dit, en maak di 2 knippe los en open dit. A ja, daar is 'n perkamentrol in. Dadelik rol ons dit ope. Di eerste wat ek opmerk was, dat dit in oue Hebreeuse letters geskrywe is, en ferder dat dit mar 'n korte gedenskrif is, wat ni tefeul kan befat ni, want dis in grote letters geskrywe en di rol is ni groot ni.

Mar tog nou had ons enige geskrif ; dis tog iits ; molik sal dit ons wel ferder op di spoor help !

Di eerste vraag was nou : of ons di goue dinge wat in di kis is en di 2 goue vo'els sou méleem ? Ek wys hulle daarop, dat daar nou 'n Kurator of bewaker fan di oue rewine is (Meneer Fry) en dat vlak by ons wa 'n grote bord is, waarop staan, dat nimand daar opgravings mag doen of iits mag wegneem ni.

" Ja, mar di goue goed sal ons daarom ni laat staan ni. Di vat ons saam. Nimand hoef dit mos te weet ni" — sê Henni.

" Né, dit sou diifstal wees" — was Neef Hendrik syn anmerking.

" Mar di Perkamentrol moet ons in elk geval neem," sê Neef Gideon ; " want ons kan ni weet wat gebeur ni. So'n ontdekki g kan ons ni hier laat ni. Ons kan mos nog daar o'er denk, of ons ni mor'oggend alles an di Kurator sal vertel ni."

" En molik kan ons dan same met hom verder alles kom ondersoek. Di Getjarterde Maatskappy sal ons ontdekking tog seker beloon" — sê Neef Hendrik.

Spoedig was dan oek besluit om net di perkamentrol met koker mé te neem en verder alles te laat bly, hoewe! Henni mar bly pruttel daaro'er om di goue goed daar te laat bly.

Ons het 'an oek ni lank versuim ni. Met di rol uit di stene kis, wat ons fer gen skatte sou verkoop ni, keer ons nou ryk en verryk terug. Ons foel di ve moeienis fan di terugrys amper ni. Ag, hoe het myn hart al di tyd geklop en gebrand, om te weet wat in di rol staan, wat ek self in myn arm dra !

Toen ons by di ingang kom, was di grote klip weer daarop en gen molikhdy om dit fan binne ope te kry.

(Word ferfolg.)

Ons deuk jy sal tefrede wees met jou "vereerde" naam, 'n Heel boel oek fan Judasburg, met jou en Phillips saam. Di belhamels wat daarin is, di spreek op hoge toon ; Mog hul n u m ir hiiruit ferstaan dat skande word hul loon.

Seur Her' ulaas ons Gouverneur, 'n man van groot ferstand, Sênd daadlik proktam isi uit, tot voordeel van di land ; Dat hul di konseks moet laat staan en leg di wapens neer. "Ons Jan" het oek syu bes gedoen di oproer te help keer;

Lord Chamberlain het hom gesyn, di onlus te'en to gaan, En as 'n regte Afrikaan het hy syn plig gedaan.

"De Beers" het oek 'n plan gemaak en "coke" daarheen ferfoer,

Mer dit werd rugbaar en fal mooi in hande van di "Boer!"

So was dit oweral geknoei om di fergulde land, Mar Burgers staan alweer op wag met wapens in di hand. Transvaal is wel 'n klyne folk, mar hul sal staande bly, Al is di Kaffers opgestook om hul osk te bestry.

Ek het nog heel wat meer te rym, mar di sal ek laat staan, Di Jingoes is di fuitste goed, waar 'k nooit mé saam sal gaan.

VOLBLOED AFRIKANER.

## Di Enfal van Jameson en syn Powersbende.

Mar kyk tog nou f'r "Jiem syn Seun," hoe dwaas het hy gedaan, Om, opgestook deur Philips syn span, Trarsvaal so in te gaan ! As pilledraaier's jy geleer, mar ni as krygsman, né ; En kyk, daar duskant Judasburg is kommadant Cronjé !

Jy trek van Pits in spog-spog f'rt, tot net by Doringkop, En daar word jy deur Tagtig man mooi in jou fuart gestop. Jy breng met jou 'n grote mag en maxims oek nog mé, Dit alles baat mar wynig, Jiems ! teen rifles van Cronjé.

Di man verstaan geveg seer goed, so goed as eet hy brood Ha ! jy di vo'rskoot ni gebys, dan was jul almal dood. Jy wou met Phillips en syn Jacks Transvaal mos kom regeer !

Di oproer en di knoeiery werd met di trouk vereer !

Jou naam in Betjuanaland was : "Jiems di Grootvisir," En wat is nou di érenaam ? Transvaalse prisoniir ! Di Phillips was 'n slimme vo'el en stook 'n groot oproer ; Nou sit hy in Pretoria's tr nk deur traliis uit te loer !

Nou draai di sake anders om, met di in tyd van oud, Toen kom di arme in di trouk, en nou di mans van goud ! Ag "Jiem syu Seun," ag "Jiem syn Seun," wat het jou tog makeer ?

Dat jy so onbedagsaam was, so iits te gaan probeer.

Jy weet, dit kon jou nouit geluk, om Boere te gaan skiit, Jy sal maar net di pot ferteer, tot skande en tot ferdriit. Na Jingoland worl jy gestuur om daar te word verhoor, En Phillips in Transvaalse trouk kom daagliks oek nog voor.

Né—laat Oom Paul mar regeer, al skyn dit nog so sleg ; "Dit sal wel reg kom," wag mar net, het Oom Jan Brand geseg.

Hoogmoed kom spoedig tot 'n fal, en jy wou mos regeer ! Ek hoop jy sal in England bly en kom hiir nimmer weer.

## Ou Pa syn Hoeki.

### WINTER-AAND STORIIS FIR AFRIKAANSE KINDERS.

#### DI SLANGSTEEN.

**K**OM, kindertijs, kom sit nou mooi stil by di fuur Dis koud daar buite. Hoor, hoe huil di wind. Hoor, hoe fal di stortreens, en hoe knetter di haal teen di fenster-ruite an. Fanaand is nou eers reg di aand om 'n stori te fertel. En ik het n baing mooi stori fir julle, as jul nou almal goed stil sit en luister.

Mimi, myn kind jy's di jongste ; kom sit jy hiir op ôupa syn kni. Janni, trek daar di stof nader, en set dit so, tussen où pa syn béne. Sit nou daarop, kindliif ; jy kan n u mooi in di heerlike fuur kyk. Gert, en Grita, sit julle twe daar op di rusbank, en jy oek, Breggi. Is jul nou almal op julle plek ? A ! hoe lyk dit, of jul'e grotes ook naderby kom ? Jan, is jou Latynse les klaar ? O, mar ek fergeet dat morre Saterdag is. Nou toe, as ôupa syn storiis fir julle ook so mooi is, kom dan mar by, Jan, en Leni, en Ella, en Stoffel, bring julle stoele nader. Wi weet, straks kom pa en ma oek net nou by sit, as di huiswerk klaar is. Só, almal in orde ? Stil nou nes muisiis, où pa begin.

"Jan, het jy al ooit van 'n *Slangsteen* gelees, of gehoor ? "

"Ôupa, di ander aand het ôuta Adonis fir my gesê, dat daar so iits is ; mar ik had di aand feul lesse, en kon ni uit hoor ni."

"Adonis? nou ja, Adonis is nog fan di slawetyd syn mense. Hy sal weet fan 'n slangsteen. Wag, ik sal jul fertel."

"Ik was nog mar klyn, so groot as klyn Gertji daár, maar ik herinner my nog wat gebeur is nes di dag fan gister. Oupa syn fader was toen nog in di ou Koloni, in di Pérle distrik. Dit is nou fandag net 75 jaar, dat ons uit di ou Koloni getrek het. Net 75 jaar, waar gaan di tyd tog na toe!" en enige o'enblikkie sit di ou grysaard in diip gepyns dood stil in di funr te tuur. "Wel, myn fader woon dig by waar nou di stad di Pérle is. Ik hoor dis nou 'n grote plek met baing mooie huise, en masineriis, en grote winkels: mar in di da'e was di huise mar min, en di wolwe loop toen rond waar nou nikks as strate en huise is, soos ik hoor. Daar was tiirs oek in di Pérle berg, en bobbejane by honderde; en na di kant fan Franshoek uit hou daar toen nog olifante, wat fan di o'erbergse kant deur kom langs 'n soort fan foetpad tot in Franshoek.

"Fan waar oupa gewoon het kon 'n mens di Drakenstynse berge mooi in 'n halwe kring daar fér siuin... kinders di berge is eers reg-reg berge. Wat jul hiir rondom jul siuin is mar koppies, en bultjiis, mar di berge daár.... dis nog di moeite wérd! Daar was twee koppe na di kant fan Franshoek uit, wat ons altyd di Tepelberge genoem het, om dat di koppe elkeen 'n krans of rots kompleet nes 'n tepel bo op hulle toppe het. Di een was Groot Tepelberg, di ander Klyn Tepelberg. Van af Draensteins Hoogte kon 'n mens hul mooi siuin, links van Waterval berg.

"Wel, een aand was uit so 'n donker, donker aand. Daar was 'n laag wolke hoog in di lug, wat di sterre nes met 'n swarte sluier bedek, sodat hulle strale di aarde ni kon beryk ni. Nes 'n pikswarte halwe kring lê di Drakenstynse berge daar fér in di ferskuut, swart en gehymfol.

"Ons was n-t klaar met huisgodsdiius. Di folk wat dig by di huis woon moes almal binne kom as daar gelees word. Dit was di oue gebruik. Na di huisgodsdiius sê hul 'nag,' en gaan di folk en di myde uit by di kombuisdeur. Ons kinders was nog besig om fir pa en ma nag te sê, toen ons daar buite 'n gegil en 'n geskre fan myde hoor, en di growere uitroepie fan di folk daar tussen in. Myn fader, julle o'ergrootfader, kinders, kyk myn moeder ferwonder an, en sy weer kyk hom an. Langsaam staan myn fader op fan syn stoel, en stap na een fan di hoeke fan di eetkamer, waar syn kweper-kiri altyd staan. Myn moeder kyk hom na, mar praat gen woord ni; want sy ken jul o'ergrootfader te goed, en sy wis dat hy 'n bedaarde, mar daarby 'n besliste man was, wat nikks in di wye wêreld ontsiin ni, as hy meen dat hy syn plig doen.

"Myn fader neem syn kiri uit di hoek. Hy dag dat daar 'n rusi onder di bruin folk was, en dat hy di orde moes gaan herstel. 'n Paar fan myn ouste broërs staan oek op, en skuiwe hulle stoele agter uit teen di muur. Hul was grote, stewige, gespirde kérrels. Hul kyk myn moeder an, en sy knik net so effentjiis fir hul.

Net soos myn fader di kômbuis-deur wil oop maak' flig di deur wa-wyd ope en di pikswarte gesig fan ou Mentor, een fan di slawe folk, staan lewensgroot in di deur. Di wit fan syn o'e fertoon dubbel so groot as gewoonlik, en syn o'e rol nes karwile wat op hol is in syn kop. Hy was so bleek as 'n Masbiker ooit kan wees, en syn bleekhyd werd nikks minder toen hy ou seur so flak foor hom siuin staan met di gefreesde kweper-kiri in di hand.

"Ou baas, di slang-slangste-te-te-steen!" stotter hy, al agter uit wykende—"de-de-de-di se-se-slangsteen!" Myn fader kyk Mentor ferbaas an. Hy skyn te denk dat sya troue ou Masbiuk jong 'n slag fan di windmeule weg had, of dat een fan di Gaderense duiwels in hom was gefaar.

"Wat 'slangsteen,' 'slangsteen' jy, Mentor? Loop slaap, myn jong, en laat jou mar ni all.s an jou ore vas naai ni, hoor jy, loop slaap!"

"Ne-Ne-Ne-Ne-Né, ne-e-e ou baas, Ne-Ne-Né ne-e-e. Hy is de-de daár, de-de-di-se-se-slangsteen," skré ou Mentor, half buite sigselwe fan seneweagtighyd.

"Dáár, waar dáár?" froeg papa, heel bedaard.

"De-de-de-dáár buite in di diip kloof, onder langs di Te-Te-Te-Tépelberg, ou baas," en hy hakkel hoe langer hoe meer in syn seneweagtighyd en gejaaghyd.

"Siinde dat hy nikks ferder kom, en dat hy uit ou Mentor nikks kon haal ni, stap myn fader di deur uit buitentoe. Al di huismense folg hom, ik fooran; want ik was net nuwgirig om te weet wat daar gaande was. Ons kom buite, en siuin daar 'n héle kring fan slawe, wat almal praat, en kyk, en gebare maak, en net opgewonde was. Hnl kyk almal na di kant fan Franshoek, daar waar di Groot Tepelberg is. Ik kyk ook, en bly somar ferstom stil staan. Daar fér, teen di pikswarte berg an, blink iits nes 'n flikkerende ster. Ik sal di gesig nooit vergeet ni. Dit skitter, en flonker, en flikker met 'n lig nes di suiwester kristal in di middel, mar rondom was daar 'n geel-groene skyn net soos 'n mens in di reenboog kan siuin.

Ons staan stom, en tuur en tnuur naар di wonderlike liggiel daar fer teen di donker berg an.

"K-K-Kyke, ou Seur," roep Mentor ferfaard uit, "Kyke, disse di slang syn steen daar bo in di d-d-donkere kloof. As ik hom tog van aante hette, dan isse Mentor ryke, ou baas, baing ryke. Ou Mentor, hy sal ni wete ni watte met syn kelte te make. Ou Seur, klo fir my, ou baas, klo fir my, ikke ni somar so prate ni," en ou Mentor word hoe langer so meer malkop.

"Mar, Mentor," seg myn fader, "mar, Mentor, bedaar myn jong. Jy hoor elke aand di bybel voorlees en ik trag om dit fer julle skepsels duidelik te maak dat alle storriis fan towery en spoke teenstrydig is teen Gods Woord. Hoe is dit nou mo'elik dat jy an sulke dingie as slangstene kan glo?"

"N N-Ne-e, ou Seur, isse ni tower ni, isse ni spoke ni; isse reg-reg steen. Mentor, hy sal fir ou baas fertel. Mentor, hy wasse k-k-kleine pikanini, so

krote," (met di hand wysende), "so krote. Syn name wasse ni Mentor ni, wasse Masnika in syn lante. Een aante Masnika hy sitte, hy speule met syn matertjiis in di wit sante, l-l-langs di krote rivier daar fer in myn lante. Daar wasse berg nesse di b-b-bérre daar so. Een fan myn matertjiis hy sê : "kyke daar so." Ons kyke. Allematti ! d-d-daar skyne sterre. Hy skyne fas teen di berg an, nesse daar di st t-terre daar o teen di pikke swart berg an. Ons kyke, kyke. Ons sê soe, isse baing mooi. Di kroot mense hulle kom, hulle kyke oek. Daar komme di *fetish* man, wat hulle sê predikante, dokter, in di land hiirsa. Hy k-k-komme. Ons ke pat, ons isse bang fir di *fetish* man. Hy kyke fir jou, jy kaan somar doote. Hy kyk, kyke, kyke. Hy sê : "D-d-disse di slang st-t-eene. Di man watte kry fir hom hy isse kroot man."

Daar wasse e n van ons nasi by ; hy was kroot, sterk, mooi man ; hy was kroot man in di oorlog. Hy ni bang fir nik. Hy wasse nok jonkman. Hy wil hê di koning syn dokter, mar hy wasse ni koning ni, wasse ni prins ni, wasse selwers ni induna ni ; hy kan ni kry di koning syn dokter ni. Hy kom naby. Hy k-k-kyke, kyke, kyke. Syn o'e hulle blinke nesse di sterre. Hy fra fer di *fetish* man, hy sê : *Fetish* man, jy wat kan kenne al di dinge watte sal kebeur as ek kaan haal di s-s-slanges sten, ekke sal kry di koning syn dokter?" Di *fetish* man, hy k-k-kyke hom só, syn o'e hulle blinke nesse fuur. Hy sê : "Jy sal kry di koning syn dokter, jy sal word k-k-koning."

Di jong Masbiik jong hy prate ni. Bitji kewag hy stappe weg dood stille. Di *fetish* man hy k-k-kyke fer hom só, so hy kyke fer hom lank akterna.

(Word *ferfolg.*)

## Ons Klyntji Geluk gewens.

Welkom ons sustertji ! welkom in ons midde,  
Ons het so lang alreeds om jou koms gebidde,  
Ea hoe liiflik was di woord van mi te hore :  
"In di Perel is ons van dag 'n 'Klyntje' gebore."  
Ja, toen hy, di *Patriot*, oas di nuws kom bringe  
Het ons oek meteën ver jou liidjies leere singe,

Een van onse liidjes Sus, nou in onse hande,  
Was : "o, Hére, segen haar gebore in ons lande :  
Maak haar tot 'n segen oek ver Afrika syn sone.  
Gé dat sy tog ry'zelik ons pogings mag belone,  
Alles wat aangewend word, om haar krag te stywe,  
Gé dat sy tog lang, ja lang by ons moeg blywe,

Segen oek di *Patriot*, hare liwe ou moeder ;  
Segen dan di *Paarl* oek, hare ouére broeder.  
Segen daarby oek ons land, hare dierbre vader,  
Segen wi haar koester moet in hul arms vergader,  
Segen algar wat met haar kennis eens sal make,  
Gé dat sy mog fluks opgroei na hul keus en smake.

Hoor dan nou, ons sustertji ! ons sing nou ver jou so,  
Mar wat deuk jy tog van ons, jonkmans daar van bo, bo ?  
Van jou sisters, tantes hiir, onder in di ronde ?  
Van jou ooms in Vrystaat daar en Transvaalse gronde ?  
Sal ons oek genade kry in jou liwe oge ?  
Sal jy in ons nood versiin na jou bes vermoge ?

Praat nou, liwe kleine sus ! toe dan, jy moet prate :  
Sal jy di beginnels van mama nooit verlate ?  
Kan ons Afrikaners altyd uit jou mond verwagte ?  
Liidjies, versiis en dan nog storië na kragte ?  
Sal jy dan oek nog daarby trou jou Bybel lese ?  
En met Afrikaanse gees steeds besil oek wese ?

## ONS KLYNTJI ANDWOORD EN BEDANK

Ja, myn boettiis, liif en goed,  
Julle sussi leef mos nou.  
Sy is julle vlees en bloed,  
Haar beginsel steeds getrou,  
D'Bybel is myn moeders pand,  
Hom dra 'k in my regterhand.

My sussiis het 'k baing liif,  
Het hulle oek wel liif ver my ?  
Hulle griwe sal my grif ;  
En ek sal ver hulle stry.  
Liidjes sing en versiis maak,  
Wat sal wees na hulle smaak.

'k Werk ver Ooms en Tantas oek  
Met myn dade, pen en woord.  
Woon hulle in 'n eensaam hoek.  
'k Slaan hulle gade in ider oord.  
Hulle kin ters leer ek reg,  
En di mode maak ek sleg.

'k Reis jul land deur elk maand,  
Oos en wes en suid en noord ;  
Sit an tafel in di aand,  
En praat met jul, saam 'n woord.  
Ons praat o'er di boerdery,  
Skole, kerk en maatskappy.

## DI JONKMANS KOM VRY VER ONS KLYNTI.

Nou ja, liwe Sussi ! al wat jy daar seg,  
Is mos in onse oge so goed en so reg ;  
Veral dat jy Afrikaans liidjies kan sing,  
En oek sulke liidjies jou sussiis wil bring.  
Dan kry hul mos lus in di taal van ons land,  
Maak somar di Engelse "songs" an di kant.

Sit hul nommer twe in geselskappe kring,  
En kleef an oas taal soos di vinger 'n ring,  
Di grootheid en dade van Afrika's volk,  
Di hoor ons in mama haar hart ons vertolk,  
Duarna kan di sussiis oek Engels perbeer ;  
Want die goed mos ver hul om di taal oek te leer.

Di boettiis leer skrywe in di taal van hul volk  
So bly hul dan altyd 'n léwende tolk,  
Van wat ons gely 'n ver ons taal en ons reg,  
En dat ons o'erwen, na ons lang het geveg.  
En nou weer kan praat in ons yé lands taal,  
In Koloni, di Vrystaat en oek in Transvaal.

Di Ouéra sal moed kry, as hul taal weer leef,  
En hul kinders di nolige opvoeding geef.  
Dan sing hulle dogters wat hul kaar verstaan,  
Oek less en oek praat wat hul saam mé kan gaan.  
Dan leef weer ons nasionaliteit in ons land.  
En haas waai ons vlag dan op Afrika's strand.

Nou weet ons klein sus, dat jy vryers sel kry ;  
Want elk Afrikaander sal na jou wil vry.  
Nou vra ons mar gou ja, al lyk dit ni reg,  
Want dalk vat di ander jou voor ons nog weg,  
Dat van al di jonkmans wat om jou sal stry,  
Di jonkmans van Britstown jou hand tog mog kry.

## SY VERWYS HUL NA HAAR MA

Lank, Boetiis ! ver di wense,  
Ver my en ver Mama,  
En oek ver al di mens,  
O'er hee' Suid Afrika,  
Ek dank jul ver di welkoms groet,  
Waarmé jul my nou het ontmoet.

Maar tog nou wil ek eeg ja,  
En 'k meen daarby te bly  
Hou 'k an myn kant reg ja,  
Moet 'k ondersteuning kry.  
Geld, weet jul tog moet ek mos hê  
Om trou myn ryse af te lê.

Papiir koop, mense hure,  
Om al di werk te maak.  
Van stryf, drak en sekuur nè ?  
Na algar jul se smaak.  
Kom ver my alleen te swaar.  
Jul weet 'k is oek jonk nog maar,

Dank wat jul al gedoen het,  
Dank wat ek nog verwag,  
Jul sal my nooit laat staan het,  
Dit weet ek wel, "Goein dag !"  
Doet di vraag an my gevra,  
Om mya hand, liifs an Mama.

B. J. W.

## DI BESLISSING VAN HAAR MA.

Kindliif, ek is seer vereer  
Dat hul al jou hand begeer.  
Weet jy nou wat is myn raad :  
Hul moet toon met woord en daad,  
Dat hul eerlike en opreg  
Het gemeen wat hul daar seg.  
Sonder stry is daar geen kroon'  
Sonder arbyd is geen loon.  
Wel, myn plan is kant en klaar :  
By di yndevaar di jaar  
Sal ons o'er jou hand beskik,  
En dit gé an di distrik,  
Waar di Jonkmans meeste is,\*  
Wat standvastig en beslis  
Om mya "Klyntjis" hand kom vry,—  
Ek hou húr di lys by my.  
Strydenburg staat nou voorop,

\* Di Jonkmans van di Distrik wat voor di end van di jaar  
di meeste intekenaars tel, sal di eerkroon (haas-hand) hê.

Britstown het hom haas geklop ;  
Andre kom al mooi nabij,  
Ons sal siin wi jou moet kry.  
Ihaar is nou nog baing tyd  
Vér 'n vasberade stryd.  
Met di "Nuwejaar" word dit  
Dan op rym in druk gesit.  
Daar vermeld ons wi di hand  
Van "Ons Klyntji" kryg tot pand !

Oom JAN.

## Brand op Se.

**W**AS oom al ooit in oom syn lewe bang ?" vraag 'n paar weke gelede een van myn niggies, 'n mooie nooi, toen ons onder di dikke bome in di koele aandlug wat sit te praat o'er di gebeurtenisse in Johannesburg.

Di vraag was wel wat moeilik om te beantwoorde, 'n man soos ek wat amper 70 jaar oud is, en o'erall rond geswerf het, wat ni alleen in Suid-Afrika ni, mar oek in Europa en Amerika geveeg het, soos ek miskielik wel later s'il vertel, wil ni graag erken dat hy oek kan bang worde ni ; mar daar ek op myn oue dag ni graag wou lieg ni, seg ek : "Ja, partykeer."

"Nou vertel een van di kere dat oom bang was," sê 'n ander niggie.

Daar was nou ni 'n uitkomplek ni en ek moes begin.

"Di bangste wat ek ooit gewees is was op 'n skip, 'n stoomboot wat in brand was, sodat ek ider o'enblik verwag, dat di 60 kiste kruid, wat an boord was in di brand sou vlieg, en ons in di lug. Di hele stori is wonderlik genoeg om an te hoor.

In di jaar 18—was ek, na lank omswerwe, in Frankryk tereg gekom. Daar was ver my niks te verliet ni, en 'n anbod om na Panama te gaan, om as opsigter by di deurgraving werksaam te wees, werd deur my angeneem. Ek wis wel, dat dit amper so goed as testament maak was, deur di ongesondheid van di land, mar as 'n man hard op is, dan moet hy vat wat hy kan kry ; en di betaling was goed.

Ik gaan dus, hoewel ni so erg in myn skik ni, an boord van di Stoomboot. Haar naam was "France." Dit was 'n grote boot van 4,700 ton. Net voor dat ons weg gaan kom daar 'n gouwerments boot an, en ek siin dat omtrent 'n 60 kaste werd o'ergetrek. Di kaste was vol met patronen en kruid.

Di stoomboot was baing vol. Daar was omtrent 250 passersiers, 40 Sé-soldate, nog 40 polies, en so di een met di ander omtrent 400 mense. Di meeste passersiers was Franse, mar daar was oek Italjaners en Suid-Amerikaners. Ik was di enigste Afrikaner. Ek het toen reg eensaam gevoel. Ek het wel 'n bitji Frans, Duits en Spaans leer praat ; buite Engels en Afrikaans wat ik van huis af kan ; mar ek kon dit met di mense ni reg kry ni. Ek was natuurlik 3dc klas, en dit is ni lekker ni.

Ons was pas in Sé of di wind begin sterk te waai, di skip rol, dat dit 'n naarheid was. Meer as 14 da'e het di storm geduur. Eindelik begin di storm te bedaar, en ons was in di warme streke gekom. Omdat dit toen onder in di skip ni uit te hou was ni, het ek mar bo op di dek geslaap, en dit was oek mar gelukkig.

Een nag lê ek lekker en slaap op di harde planke en droova van myn ouers huis, digteby Swellendam. Ons het 'n oue malbaar slaaf gehad, wat Jonas genoem was, en dit was net of ek Jonas hoor roep; myr ek kon syn taal ni verstaan ni.

Plotseling skrik ek wakker, ek wil opstaan, mar word deur 'n paar andere weer plat op di dek gegooi. Dit was net of al di mense o'er myn heen loop.

Myn bedwelming het ni lank geduur ni, miskien mar 'n paar tellens. Ek spring toen op en siin 'n vreselike toneel.

Di meeste passesiers in hulle nag-klére, mans, vrouens en kinders hol o'er di dek en skreeu elkeen in syn taal: "Brand! Brand!"

Ek hol na agter en siin di vlamme hoog op slaan; di agterste gedeelte van di skip was in brand.

Idereen lyk toen half gek te wees; alles loop deur mekaar; party begin di skuite los te maak om te vlug.

Di kaptein van di skip en di offisiërs begin toen di mense tot bedaing te breng. Di soldate en di polies skaar sig in gelid, terwyl di matrose op hulle pos gaan staan.

Di verwarring had toen 10 minute geduur, toen was dit stil. Op di lawaai het doodse stilte gevolg.

Di vrouens en kinders vlug na di voorskip, di mans begin te help om di vuur te blus.

Ongelukkig kom di wind van di kant van di brand. Net nou sou di vlam by di kruit kom, en dan was alles gedaan.

Di kaptein bly op di brug staan en gé syn orders af. Ek kon ni verstaan ni, mar ek siin hoe di matrose rond spring. Di skip het omgedraai.

Ek is wel ni 'n séman ni, mar weet tog genoeg om te siin dat di omdraai in di omstandighede bain; knap gedaan was.

Toen begin di werk om di brand te blus. Ons pomp water en ons perbeer viral om di plek waar di kruit is nat te hou. As een party moeg was, bejin 'n ander klomp.

Di agterste mas van di skip raak toen in brand en dit lyk of dit so sou val dat di masien sou beskadig word. Een van di passesiers, 'n jonge Fransman, vat gou 'n byl en kap toen 'n paar toue deur, waardeur di mas in di sé val. Ons dog eers dat hy ook omgekom was, mar tot ons blydschap sien ons hom uit di rook uitkom. Syn baard was geheel afgeskroei, mar anders was hy reg.

Di vlamme het ons nou teruggedrywe. Di grote saal, di dames saal, di grote trap, alles was in brand. Ons moes stadig an na vorentoe gaan.

'n Paar mense was al omgekom. An bord was 'n Roomse sendeling. In di tumult was hy gevallen.

'n grote vat en het syn been gebreek. Di vlam het hom toen bereik. 'n Ander sendeling wat ver hom wou red, was met hom saam verbrand. Oek was twe van di matrose omgekom.

Di brand het nou omrent 4 uur geluur. Op eens hoor ek net soos 'n skot en sien toen nes 'n weerlig uitslaan.

Al di mense vlieg na vorentoe.

Ek was net afgelos en staan te kyk.

Nooit in myn léwe sal ek di gesig vergeet ni.

Di héle agterskip was in brand, 'n dikke rookwolk waarin di vlamme speul, 40 of 50 voet hoog, gaan op. Alle mense was na vore gevlug. Alleen di kaptein staan op di brug.

Toen voel ek bang.

Tot nog toe had ek te hard gewerk om na te denk, mar toen ek rond kyk en al di gesigte doodsbloek sien, toen meen ek dat myn laatste uur gekom was.

Ek wag di dood af, ek wis dat di vlam ni meer vêr van di kruit kon wees ni. Ek hoor mar net di sugte en di gebede van di vrouens.

Di uitbarsting wat ons verwig kom ni. Toen hulle dit sien, gaan di mans na agter om di vlamme te bestry.

Weldra lyk dit of ons vorder. Di meeste losse houtwerk was uitgebrand en an di yster kon di vuur nik doen ni.

'n Half uur later begin ons hoop te kry, strome van water werd deur pompe in di vuur gestort. Ons begin di vuur baasteaan.

Elf uur nadat di eerste geroep van: "Brand" gehoor was, was ons di vuur meester.

Ons toestand was egter droewig.

'n Dérde deel van di skip was uitgebrand, alleen di yster was o'er, di grootste gedeelte van di kos was oek ver'oor. Passesiers, soldate, matrose, almal was uitgeput van vermoeienis; party leg half dood op di dek. Niemand was nog gerus, di vraag of di kruit heel en al veilig was, was nog ni opgelos ni.

Bovendien was di skip sonder roer, en daar di agterskip vol water was, en dus diper leg as di voorskip was di dek opdra'end.

Gelukkig het ons 'n gode wind gehad, ni te hard ni Wat nou gedoen?

'n Paar van di skuite was verbrand, daar was nog mar 4 o'er, dis te min ver di menigte mense an bord.

Di kaptein het toen besluit om te perbeer di skip na 'n baai te breng.

Dit het ons geluk: 4 da'e na di brand kom ons te Maclinique an, en ek was bly om an wal te stap."

"Is oom toen teruggekeer na Frau'ryx."?

"Seker ni, en dit is jou geluk, niggi! want anders sou ek ni in staat wees om ver jou 'n mooi persent te gé ni, as di swartkop jongman een dag met jou voor di preekstoel staan, Niggi."

Hoe ek in Suid-Amerika myn fortuin gemaak het, sal ek wel later vertel. Vereers genoeg.

## Di Afrikaanse Taal.

Ek is 'n arme boerenoii,  
By vele min geag ;  
Mar tog is ek v.n edel b'oeed,  
En van 'n hoog geslag.  
Uit Holland het myn pa gekom,  
Na sonnig Afrika ;  
Uit Frankryk, waar di d'uiftros swel,  
Myn lieve mooie ma.  
  
Hull' skel my uit ver Hotnoots myd ;  
Mar ek gé daar ni om ;  
Want an mya lippies kan jy siin,  
Van wat geslag ek kom.  
Soet vloei di woordjiis uit myn mond ;  
Dit het ek van myn ma ;  
Mar as ek bid dan hoor je wel,  
Ek is 'n kind van pa.

Myne sussi, wat uit Hollaand kom,  
Di hou verniit haar groot :  
Di lug is al te skerp ver haar ;  
Sy is al amper dood.  
Di dokters kom nou by makaar,  
Hull' maak te saam 'n "Bond ;"  
Mar tog met al di doktery  
Word sy nooit weer gesond.

Myne niggi met haer stywe nek,  
Di loop in rooi satyn ;  
En baing jonkmans loop haar na ;  
Sy denk hiir baas te syn.  
Mar as di awen luurtji kom,  
Dan is di klomp by my.  
Dis "hartji" voor en "hartji" na :  
"La ut ons 'n bitji vry."

As ek mar eers myn vryer het,  
'n Diger vol van moed ;  
Een, wat my om myself bemin,  
En ni mar om myn goed ;  
Wanneer di vryer tot my kom  
Vat ek hom by di hand,  
En maak ek hom, hoe swak ek skyn,  
Nog koning in di land.

Want ek het onder in myn kis  
'n Ware towerstaf,  
Wat ek nog van myn ouma het,  
En niemand weet daar af.  
Hef ek di staf op, "Moedertaal,"  
Dan volg di land my na ;  
En ek is net nou koningin  
Van heel Suid-Afrika.

NEEF JAN.

DI AFRIKAANSE ALMANAK vir 1896 bevat 'n grote verskeidenheid nuttige leesstof en opgawe, burgerlik van di h le Suid Afrika, en al di Hollaandse kerke, en dan oek vyf portrette nam. di Kaapse Parlementshuis, Pres. Reitz, Pres. Kruger, Sir H. Robinson, di Woonhuis op di Gedenkskool Plaas. Dit alles ver 9d. stuk; dis spotkoop.—D. F. du Toit & Co., Beperk, Drukkers en Uitgewers, Paarl.

## Ons Pe Geskidenis.

### DI JAMESON INFAL.

FERSLAG FAN DI JAMESON GESKIDENIS OP 1 EN 2 JANNEWARL, 1896, DEUR KOMM. P. A. CRONJE.\*

 P Maandag, 30 Desember, 5 uur namiddag, kry ek onferwags 'n telegram fan syn ed. gestr. Kom. Generaal P. J. Joubert, fan Pretoria, waarin ek kennis kry, dat op di westelike grens fan di Staat 'n gewapende mag fan troepe o'ergetrek was en dat ek myn diunspligtige burgers spoedig moes oproep om hulle teen te gaan, al was dit met geweld fan wapens. Ek werd oek indagdig gemaak, dat di fyand goed gewapend was met grof geskut. Ek foldoen toen an di bevel met di meeste spoed.

Daar di distrik egter seer groot is en di tyd so kort was, kon ek ni wag om di burgers by makaar te kry. Ek fertrek toen op 31 Desember di morre froeg fan myn huis na Ventersdorp, waar di burgers fan myn wyk bymakaar moes kom, en fandaar fertrek ek om 11 uur foormiddag na Moorififir, en om 6 uur namiddag fandaar na Krugersdorp. Di burgers folg gedurig en toen ek by Krugersdorp kom op 1 Jannewari, 1896, met opkom fan di son, had ek 250 burgers (onder fe'dkornet H. C. Visser 150 en onder A. J. Bodensteyn 100). Toen bemerk ek dat ek foor di fyand was. Ek laat toen afsaal en uitspan en gaan dadelik na di telegraafkantoor en telegrafeer an di Generaal, dat ek daar angekom was, en oek waar di fyand was, en fra waar di grof geskut is.

Om 9 uur trek ons di fyand te gemoet tot op di plaas Waterfal waar ek komm. Malan van Rustenburg met 250 man ontmoet en ook komm. F. Potgieter van Krugersdorp met 100 man. Toen het ons 'n plek langs di Johannesburg pad uitgekiis en Malan neem syn posisi in en Potgieter neem di suidelike en ek di noordelike posisi in. Om 11 uur sin ons di stof fan di bende moordenaars, soos 'n groot swerm sprinkhané o'er di rante kom, en toen hulle ons 2 spione onder oog kry, bombardeer hulle somar op di 2, wat nog 'n half uur te pérde fan ons af is. Hulle kom toen oek spoedig an tot op Remhoogte, omtrent 2,500 tre fan ons af. Ons pérde het ons 'n end fan ons agter 'n rant laat staan, sodat hulle fylig was. Mar hulle bemerk spoedig waar onse burgers is en los 'n hewige kanonvuur op ons, dog sonder gefolg, en hulle bly mar an foorttrek en skiit fer 2 en 'n half uur lang. Toen beproef hulle of dit fylig was om deur te trek met 'n maxim kanon en 12 ruiters, mar ons fuur op hulle fer omtrent 5 minute en skiit byna almal met pérde en al dood. Di maxim kanon is weer terng gesukkel. Toen beproef hulle weer an di noordekant ferby te gaan met 25 ruiters, en toen hulle daar oek gekeer word, begin

\* Di Feralag is letterlik soos deur Kommandant Cronje geskrywe, net ons het dit in Afrikaans geset.—RED. O. K.

## Allerlei.

---



VIJF GESLACHTEN OP ÉÉN PHOTO.

---

### DE TIEN GEBODEN VOOR DEN VEEFOKKER.

Aan een vakblad uit Luxemburg zijn de navolgende tien geboden voor den veefokker vrij ontleend.

1. Heb uwe dieren lief gelijk u zelf, opdat zij u van nut zijn en u overvloedigen zegen opleveren.

2. Verruim u gemoed door vriendelijkhed, opdat gij de bevreesden en beangsten met moed en de booze dieren met geduld wapent. Zijt voor hen een goed heer en steeds bereid ze te beschermen voor de ruw-heden van uws gelijken.

3. Houd orde en zindelijkheid in den stal: beide wapenen u tegen schade, en uwe

dieren beschermen zij voor ziekte en den dood.

4. Geef lucht, licht en frisch water met verkwistende hand, want de Schepper heeft er ook overvloedig mee voorzien.

5. Houdt met vaste hand in zake voeder, maat en tijd in 't oog, opdat het u ten nutte worde.

6. Geef aan elk dier de vereischte plaats, opdat de arme ingekerkerde op de hun aangewezen ruimte eenig gemak hebbe.

7. Een zacht leger en vergunning der noodzakelijke rust, geven het melkdier melk, het trekdier kracht en het mestdier vleesch en vet.

8. Bedenk dat het oude, verstandige vliegende woord luidt: „Zindelijkheid is halve gezondheid” en ontzie uwe borstels, roskammen en waschlappen niet.

9. Heb medelijden met de dieren en maak hun hard lot niet zwaarder dan het reeds is. Goed gesmeerd en een lichte zweep, een goed woord en op humane wijs uitgevoerde eischen behoeden u voor schade en verzekeren het slagen van den arbeid.

10. Spaar uit verkeerde berekening het voeder, dat gij geeft, niet; het zij altijd in overeenstemming met wat gij van de dieren eisch, en slechts daardoor zijt gij in staat, de levende kracht uwer dieren steeds in bruikbaren toestand te uwer beschikking te behouden.

\* \* \*

#### HET VANGEN VAN EEN ROOVER.

In eene zekere stad hield zich eens een rooverbende op, die de geheele stad in angst en onrust dompelde. Alle pogingen om die schurken te vangen mislukten en het gevaar werd steeds groter en groter. Elken nacht werden er huizen opengebroken en geld en andere kostbaarheden gestolen, en de schandelijkste daden op de bewoners gepleegd.

Zoo gingen er maanden voorbij; niemand was zeker van zijn leven of zijn eigendom. Op zeker dag kwam een rijke ingezetene het op een of ander manier te hooren, dat de roovers van plan waren om ook zijn huis te plunderen. Hierdoor geraakte de arme drommel in den grootsten angst en wist volstrekt niet wat te beginnen. Hij ging naar een procureur en vroeg dezen wat hem te doen stond. De procureur gaf hem ten antwoord dat hij niets anders kon doen, dan zijn huis door eenige politiedienaren te laten bewaken, en dat hijzelf ook overigens op zijn hoede moest zijn. De man deed zoals de procureur hem geraden had, doch

de roovers kwamen het te hooren, en zouden het nu zeker nooit wagen om hun plan te proberen.

Op den avond van den derden dag, nadat de man met den procureur had geraadpleegd, begon het geweldig te regenen, de donder knalde en de regen stortte bij emmers vol van den hemel. Allen verwachtten dat de roovers op dien nacht zeker zouden komen, en maakten zich dus voor den strijd gereed. Daar het zoo geweldig regende, zat de baas van het huis met eenigen zijner vrienden tezamen met de politiedienaren, allen binnen in het huis. Bevend van angst en tot de tanden gewapend, wachtten zij op de komst der roovers, toen zij op eens „bom!” aan het buitenraam van een van de vensters dicht bij de voordeur hoorden. De kerels verbleekten, keken den een naar den ander, doch allen waren sprakeloos. „Bom, bom!” ging het een tweede maal, dat was voor die dappere helden te veel, zij spatten uit elkander, alsof er een geest in hun midden verschenen was. De een kroop onder een bed, de ander onder eene sofa, en een derde stond zoo smal als een riet achter een deur of andere schuilplaats. Slechts één van hen, een neef van den eigenaar van het huis, die een weinig moediger was dan de overigen, stond zijn man. Toen hij zag, dat zijn maats het hazenpad kozen, plukte hij zijn jas uit en riep: „wat! is julle bang?” en met deze woorden stormde hij naar buiten. Hij zag iets wits voor het venster staan; zonder te aarzelen greep hij het om het lijf en riep: „Kom kerels, ik het hem!” Doch vóór dat een van hen nog uit zijne schuilplaats kon komen, kwam hij reeds in triomf met hem het huis binnen en wierp hem met geweld op den vloer neder, en — wat moesten zij zien? Tot verbazing van allen was het niets anders dan een bokram, die waarschijnlijk ergens uit een stal was losgeraakt en in den storm verdwaald was, en dus bij dat venster terecht kwam, zeker weinig vermoedende, dat hij er zulk een angst en paniek zou veroorzaken.


M. H. NESER.

\* \* \*

#### DE ZENDELING EN DE AFKEERIGE BLANKE.

Het wordt verhaald van een zendeling, een Afrikaner, dat hij jaren geleden, op weg zijnde in het zendingveld, en reizende in een ligte ossenwagen, bespannen met zes jonge ossen, door een ruwe blanke die te paard reed, achterhaald werd.

De jonge zendeling was zeer eenvoudig, als



KAART VAN SLAGVELD.

hulle weer in 'n suidelike rigting te trek. Ek gé toen myn eerste adjudant ord'r om feldkornet Bodensteyn te befeel om met sya burgers agter Remhoogte om te jaag en di fyand fan agter warm te maak, en met di ander burgers suy ons di fyand foor om hulle te belet ferder te trek. Di adjudant keer terug en sê dat di feldkornet myn order wens uit te foer, dog dit is fer hem en syn burgers te onfylig. Di 2de breng di berig dat dit te onfylig is fer di burgers om agter di beskutting uit te kom.

Toen gé ek bevel dat hulle dadelik moes uitkom en bly daar tot almal uit is. Ek gaan toen dadelik na Kommandant Malan om hom te siin en stuur di Adjudant om myn pér'd te haal. Ek sê an Malan dat ons dadelik foor om moet jaag en di fyand keer, mar kry gen antwoord. Onderwył was nog twe fan myn feldkornette angekom, nl. C. M. Douthwaite, fan Potchefstroom, wat hom an di suide kant by Potgieter foeg met 70 man, en feldkornet J. F. Maartens, wat ek by Malan find met 200 man. Ek ferlaat Malan en gé feldkornet Maartens strerge orders om dadelik met syn burgers met my te gaan, en ons spring op di pér'd, omtrent 100 man, en jaag di fyand foor en neem di spoorlyn wat fan Krugersdorp na Potchefstroom gebou word in. Toen het ek fer myn burgers fer di

nag 'n goeie skans. Komm. Potgieter en feldkornet Bodensteyn was oek spoedig in ons midde.

Ek bemerk oek dat di burgers met 'n 50 tal fermeerder was, mar tot myn leed moes daar toen 'n ongeluk gebeur. Ons stuur 3 man uit om te kyk of di fyand nog op diselfde plek was. Daar was een klyn Van Tonder by, wat terng gestuur was, en toen hulle hom toeroep om halt te hou, jaag hy weg en werd in di donker deur ons burgers doodgeskiit. In diselfde tyd werd myn seun gewond deur imand in di slot. Ek moes toen dadelik myn seun eers na di hospitaal bring.

Om half elf ferlaat ek di posisi en gaan na Krugersdorp en stuur mn. J. Pretorius in met 20 man. Om 12 uur stuur ek weer 10 man uit fan Krugersdorp en om 1 uur stuur ek weer fer feldkornet C. Bodensteyn met 50 man. Ek bly toen daar tot 3 uur en laat an komm. Malan weet dat syn persoon oek daar fereis word, mar te fergeefs.

Met opkom fan di son kom ek op ons terryn an. Ek bemerk dadelik an di fyand dat hulle 'n flugtende houding anneem en jaag toen op di bult uit, sodat ek di fyand behoorlik kon siin, en bemerk toen dat ek myn burgers in 2 moes ferdeel, sodat 'n klyn getal hulle fan agter kan dryf, dat hulle ni water kon drink of skep ni, en di ander hulle foor om moet jaag. Daar ek toen di enigste kommandant daar was, het ek an Groot Adriaan de la Rey order gege om foor om te jaag en al di plekke, wat enigsins beskutting fer ons burgers gé, in te neem en op di fyand te fuur. Ek met feldkornet Maartens en 600 man neem di agterhoede in en toen ons hulle deur di Luipaardsfly gedrywe het, gaan ons an di suidsyde di Kliprifir deur.

Toen hulle bemerk dat ons weer na di voorpunt kom, perbeer hulle ons met di bomme te keer, mar ons maak 'n wye draai en toen ons daar ankom steek di fyand di witflag op. Ek belet di burgers toen ferder te skiit en stuur mn. A. de la Rey om te fra wat hulle wil hè. Hulle skrywe toen 'n paar reels in potloot, waarin hulle sê dat as ek hulle nou wil frylaat, dan beloof hulle dat hulle dadelik sal terug gaan. Ek gé hulle skriftelik antwoord, dat hulle nou ni meer an teruggaan moet denk, mar dat hulle moes gereed maak om hulle flag en wapens neer te lê, en hulle onfoorwaardelik an my moes o'ergé; dat ek hulle sou bring waar ek goed find, en dat hulle my moes beloof dat hulle al di koste sal betaal wat hulle di Staat angedoen het; dan sou ek beloof om hulle lewe te spaar solang hulle onder my is, en dit moes hulle binne di tyd fan 30 minute doen, en so ni, dan moes hulle gereed maak om my fer di 2de maal te ontmoet. Ek kry toen antwoord dat hulle hulle gehele aan my o'ergé met al hulle wapens, as ek net hulle lewe spaar.

Toen gaan ek met di follende offisiere, nl. komm. F. Potgieter (Krugersdorp), feldkornet J. F. Maartens (Gatsrand), feldkornet P. Kruger (Rustenburg), feldkornet A. J. v. Vuren (Skoonspruit), en feldkornet J. H. de Kok. Ons gaan tot by hulle en fra: waar is di befelfoerder of offisiir. Toen kom Dr. Jameson en

Willoughby en 2 ander. Ek fra hul'e of hulle gerede was dadelik hul'e flag en wapens neer te lê. Hulle antwoord: dat hulle gen flag het en dat hulle di wapens wil neerlê, mar daar hulle nog nooit so iits gedoen het, moes ek hul'e sê hoe dit te doen. Ek fertel hulle toen hoe Toen kom komm. Malan en Trigaart (Middelburg) daar, en daar ek morg en afgemat was, gë ek di saak an hulle o'er en gaan na Krugersdorp om di nodige telegramme weg te stuur en wat rus te neem.

Di burgers wat gefeg het skat ek op 250. An ons kant is 4 gedood en 10 gekwes. Vollens opgaaf had di fyand 119 dode en gewonde.

Ek fertrou dat myn frinde hiirme sal foldaan wees, en as daar nog iits is wat hulle wil weet, dan kan hulle mar fra.

Ek ferbly na groete,

Julle opregte frind,

P. A. CRONJE,

Kommadant.

## Pratjiis o'er di Natuur.

### ONS SONNESTELSEL.

**V**OOR ons o'er di Son, di Maan en di vernaamste Sterre apart gaan praat, moet ons eers persoon verstaan wat bedoel word deur "Sonnestelsel." As ons di ruime hemelrond gaan bekou, wat siin ons? Niks as 'n bloue gewelf nes 'n gordyn gespan o'er di aarde. Elke morre kom di son op in di bloue lugrnim an di ooste, en loop met lydsamhyd, kalmte en koninklike waardighyd syn loopbaan, soos hy gister en eergister en 1,000 jare gelede gedoen het, net of di gewoel daar op di aarde, onder mense en dire, hom gen haarbreed kan skeel ni, en op syn tyd gaan di son weer onder an di weste. As di Koning te ruste gegaan is dan skitter di bloue hemel van duisende en miljoene sterre, wat blink nes diamante. Tussen hul deur ry di man, as sy op is, nes 'n Koningin. Somtyds skyn sy helder, somtyds bedek sy haar angesig geheel of gedeeltelik met 'n sluier.

Di eerste gedagte wat by ons opkom is: waar beland di son as hy ondergaan? en waar beland di sterre as di son opkom? Di sterrekundige van oue tye di het di vrage so opge'os. Hulle het geleer dat di aarde 'n vreselike grote platte liggaam is, wat onbeweeglik vas staan op één plek, en dat di bloue hemelgewelf gedurig daarom draai, en di son en di sterre saam draai met di gewelf. Di geleerde het egter gou gesien, dat di oplossing nog moeiliker is as di vraagstuuk. Want as di aarde op één plek vas staan, dan moet sy op iits staan. Mar waarop staan sy? En waar staan di fondament weer op? Ens. En as di son en di sterre om di aarde draai, hoe kom hul dan oor di aarde en verby di fondamente waar di aarde op rus? Spoe-

dig het hul oek opgemerk dat, hoewel al di sterre as 'n gehéle liggaam beweeg hul tog ni onder makaar van posisi of standplek verander ni, mar elkeen syn vaste plaas hou. Verder het hul gesien, dat di son, di maan en 5 van di klynere ligte ni alleen dageliks di hemelsgewelf kruis ni, mar oek onder makaar van posisi verander en rondwaal onder di ander sterre.

Di 7 sterre wat dus van posisi verander het hul toen *Planete* genoem, 'n vreemde woord wat eigenlik ronddwalers of dwaalsterre beteken. Di ontelbare skare van sterre wat hulle vaste posisie is hou teenoer makaar het hul toen "vaste sterre" genoem. Om nou di moeilikhed van di dwaalsterre op te los het di oue sterrekundige geleer dat, behalwe di sterrewel, waarin di vaste sterre skitter nes ingelegde diamante en wat oor di aarde draai, daar nog andere kristalle bane was, wat oek om di aarde draai, en dat daarin di son, di maan en di planete geleg is, sodat di same draai. Elkeen van di bane sou dan syn y'e beweging hê.

Di oue digters leer dat di geluide, wat veroorsaak word deur di omdraai van di bane, tesame 'n pragtige liiflike hemelmusiek uitmaak, 'n heuse konsert, waarin di engele en salige geeste hul verlustig, en dat as ons sondige skepsels van di aarde mar net oor en hart had ver di musiek, ons dit oek sou kan hoor. Di digters is bevoorregte Adam's kinders, wat *iits* daarvan hoor, daarom kan hulle sulke liiflike lidere maak.

Hoe mooi di verklaring oek is, kon di nadenkende onder di mensdom ni daarmé vrede hê ni, want di moeilikhede werd ni daardeur weggeneem ni, mar vermenigvuldig.

Di stelsel dat di aarde op één plek staan en di son en di maan daarom draai word genoem di stelsel van Ptolemeus, di vernaamste oue skrywer o'er sterrekunde. Di hedendaags stelsel word genoem di stelsel van Kopernikus. Meer oue wysgêre voor hom het di gedagte gehad, mar hy het yentlik di stelsel ver di eerste maal goed bestudeer en uiteengeset. Di stelsel is gedurig meer uitgebry en uitgewerk. Di ganse sterrekunde met haar fyne berekening, waardeur op di minuut af kan voorsê worde wanneer byv. maneeklips en sonneklijs sal voorval, of wanncer 'n komeet sal terugkeer, is gebou op di stelsel.

Dit is di eenige stelsel wat, soos ons later sal siin, 'n duidelike en eenvoudige oplossing gegê het van di raaisels van sterrekunde en nog gedurig ly tot nuwe ontdekkinge. Dit is iits wat onse lesers vooraf goed moet onthou. Hiervan lê di kragtigste en onomstotelikste bewys ver di waarhyd van di stelsel. As ons di stelsel verwerp, dan kan ons mar ons ou dierbare vrynd, ons Almanak, met syn lys van sons- en maans-verduistering en maansveranderinge, met syn lysste van Sonsopgang en ondergang, eenvoudig opskeur en in di vuur goi. Het ons ou vrynd dit verdien? Het hy ver ons 'n leun vertel? Né, seker ni. Nou ja, dan is di stelsel van Kopernikus oek waar. Di hele wetenskap van skeepsvaart, met haar pragtig uit-

gewerkte kaarte, beras op di berekeninge volgens syn stelsel.

Nou wat leer di stelsel? Vollens di ste'ssel is di aarde 'n ronde bol, wat in di lu-ruim swéé en twé beweginge het. Di één beweging is om di son en di ander is om haar y'e as of middellyn, net soos 'n tol wat draai op di grond. Hiiro'er sal ons later uitwy. Ek wil nou net korteliks di sonnestelsel verklaar.

Di son, di maan en di andere planete, di ronddwalers, wat ver di oue geleerde so in di war gebreng het, vorm saam één aparte groep van famili onder di heir van sterre. Di famili noem ons 'n sonnestelsel, omdat di son di middelpunt daarvan is, di bol waar di ander om draai, en waar hul almal hul lig van kry. Al di andere sterre en sterretjiis, wat skitter an di lug, en wat ons "vaste sterre" genoem het, ni omdat hulle op één plek bly ni, mar omdat hul diselfde posisi tot makaar hou, is sonne, wat skyn net soos onse son, met hul y'e lig. Sommige van hul is veul groter as onse son, mar op s'n onbegrypelike afstand van ons, dat hul skitter as sterretjiis, as ligguntjiis.

Misskiin is elkeen van hul 'n middelpunt van 'n sonnestelsel, waarom oek planete draai, net soos onse sonnestelsel. Nou kan ons omrent 'n denktieeld vorm hoe onyndig groot di ruimte van di Heelal is. Ons y'e sonnestelsel is mar 'n klyne gedeelte van di ontelbare sterreheir. Kyk op 'n aand op na di heldere hemel. Di duisende van skitterende sterre en sterretjiis is soveul sonne, middelpunte van soveul sonnestelsels. Neem 'n sterrekyker en bekhou di hemel daardeur en agter di sterre, sigbaar ver di blote oor, skitter nog duisende sterre in di hemelruim. Di grootste sterrekyker wat ooit gemaak is, is so groot, dat 'n mens met trappe na hom moet opklim, en dat hy swaai op grote asse. Nou met di grote sterrekykeis is nog duisende meer sterre gesien in di hemelruim. Di ruimte van di Heelal is dus onyndig, 'n ruimte sonder grense, waarin ontelbare sonne en hemelliggame gedurig beweeg.

Stel jou voor 'n kanonkogel wat swewe deur di lug. Op verskillende afstande van di kogel sweve 4 ha'elkorrels van lood saam met di kanonkogel voort deur di lug, mar draai terselfder tyd oek rondom di koel. Verder 4 geweer kogels net so. Di kanonkogel met di hagels en geweerkogels draai en swewe saam voort deur di hemelruim, altyd, altyd, altyd solang as dit di Almagtige Skepper behaag. Nou het ons omrent 'n voorstelling van ons sonnestelsel. Mar di hageltjiis moet ons reken so groot as di aarde, of iits minder, di geweerkogels van 100 tot 1400 maal so groot, en di kanenkogel, di son is  $1\frac{1}{2}$  miljoen maal so groot as di aarde.

Om ons sonnestelsel kompleet te maak, nog net 'n paar woorde o'er di maan en di kométe. Di maan is net soos di planete, 'n dwaalster, wat ni met haar y'e lig skyn ni, mar haar lig van di son ontvang en weerkaats. Mar in haar beweging is sy onderskye van andere planéte. Sy spin ni alleen om haar y'e as ni, mar net soos di aarde om di son draai, draai sy weer

om di aarde en saam met di aarde om di son. Al di planéte ontvang hul lig van di son, spin om y'e as en draai om di son. Di aarde het 1 maan, Jupiter 4, Saturnus 8, Uranus 4, en Neptunus 1. As ons van di son begin, dan kry ons di bane van di sterre in di volle de orde. Naaste om di s'n draai Merkurins, dan Venus, dan di Aarde, vervollens Mars, Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus.

Di woord *komeet* kom van Latyn *koma* wat beteken 'n haai lok. Ons noem hom gewoonlik 'n stértsster. I i komeet vliig oek om di son, mar het 'n koddige baan. Om di te verstaan moet ons na 'n stoommeul st'p. Daar siin ons 'n lère band, sê om 'n klyne rad en dan om 'n grote rad 'n héle end vandaar. Di radere draai in di gordel. Nou laat di klyne rad di son voorstel en di gordel di laan van 'n komeet dan verstaan ons syn loopbaan om di son; net ons moet bedenk dat hy naby di son kom, mar hom ni raak ni. Party van hul bly jare weg, soms meer as 100 jare en dan kom hul naby om di son, net om ver di koning te groet en dan weer in di onyndige ruimte te verdwyn.

S. P.

## Grappige en leersame Verhaaltjies.

### SKETSE VAN ONS VOLSKARAKTER.

#### MYN PA EN OU MOOS.

**M**YN o'erlede vader was 'n wonderlik sagte, be daarde man. Mar hy kor met 'n sagte woord, in di grootste sagmedighyd, 'n man daarom net diip seer maak.

Ily het gen'waai gemaak op syn plaas ni, mar glo my alles was in di haak, agter makaar. Niks ontgaan syn oog ni.

Daar was 'n pragtige lemoenboord ; di bome was 'n 40 tot 50 voet hoog en dig an makaar gegroeï. Myn vader had al gemerk dat di boord snags besoeke kry. Een aand laat gaan by sutjiis en hoor daar is imand bo in 'u lemoenboom. Saggiis gaan hy tot onder di boom, en siin ou Moos, 'n ou Masbiker wat by hom woon, bo in di boom sit. Di manji staan onder di boom, en Moos goi mar lemoene af. Nou kon di ou baas van onder af fer hom siin teen di lug an, mar hy kon onder di boom ni siin ni ; dis te donkei.

So vinnig as Moos lemoene afgoi, tel di oubaas op en goi dit in di mautji. Naderhand sê di oubaas :— "So, Moos, kom nou mar af, di mantji is al vol!"

"Allamatti ! kyke ! base oek hiirsò !" — sê ou Mo's verskrik, 'n kom so stadig molik af.

Toen hy onder kom, wou hy somar weggaan, mar di oubaas sê : "Nou, kom nou, Moos, neem nou jou mantji lemoene."

"Allamatti ! né, oubaas ! ekke al te skaam !" sé Moos, te verlege om weg te gaan, hy weet ni wat om te doen ni.

"Ag, né, Moos, vat nou jou mantji lemoene ; jy het nou so baing moeite daarvoor gedoen, om dit in di donker te kom pluk".....

Eu di ousbaas kry Moos naderhand so vêr, dat hy di mantji lemoene neem. Mar dit was di laaste maal dat Moos kom lemoene steel het, ten minste by di ousbaas.

### MYN PA EN MYN OUTA.

 NS het 'n outa en 'n ou aya gehad, wat net : a di slawetyd by ons ouers kom bly het, en daar tussen 40 en 50 jaar gewoon het, tot hulle dooi toe. Hulle het al ons kinders opgepas en groot gemaak, en ons was omtrent net so gek na hulle as na ons y'e ouers. Hulle name was Klaas en Flora. En hulle was baing liwe, troue oue skepels oek ; ret mar outa het so rou en dan 'n dop gesteek, as hy di kaus kry. Mar dan mo s ousbaas dit veral ni weet : i, want ver ousbaas had hy al te veel respek. Nou seek hy kansis om so 'e drink dat ousbaas nik merk ni.

Bedags pas outa di trop bokke op in di berg. Mar outa het ver hom 'n ou pêrd met saal an toom ange-skaf, en al jimmer moet hy dan saans dorp toe ry om wat te koop, dan snuif ver ou aya, of tabak ver hom, of 'n bitji suiker, of koffi, ens. Mar di vernaamste doel was mar om 'n ekstra doppi te kan steek. En dan kom hy gewoonlik so laat, dat ousbaas dit ni merk as hy 'n sliertji weg het ni. Mar ousbaas had di snuif al lang in di neus.

Een aand had outa 'n bitji te diip gevat, en eer hy huis was (hy moes amper 'n uur ry) trek di té so sterk, dat hy van di pêrd af va', en langs di pad bly lê slaap. Mar di pêrd gaan huistoe, en gaan voor di stal staan. Nou was di ousbaas syn gewoonte : Saals na di éte, net voor hy gaan slaap, gaan hy nog eers 'n slag di pêrde voer gé. En daar kry hy outa syn pêrd di aand voor di stal. Hy wis dadelik wat dit beteken ; hy saal di pêrd af, gé fer hom foer op syn plek, en hang di saal en toom oek mooi op waar dit hoort, en gaan toen slaap.

Toen outa syn voorslaap uitgeslaap het, word hy wakker, want di pad was mar hard waar hy gelê het, en syn lyf was bitji seer van di val. Di eerste kyk hy; syn pêrd is weg ! Toen mar angstap huistoe. Tuis gekom gaan hy di eerste na di stal toe. Ai, di ding is verkeerd ! Di pêrd staan op syn plek ; di saal en toom oek mooi opgehang. "Dis nimand anders as di ousbaas di !" — sé outa by hom self, en met 'n ongeruste gewete gaan hy lê, en slaap glad ni lekker ni ; want hy is ongenadig skaam om mor'e oggend voor di ousbaas syn gesig te kom ; di ousbaas sal ver hom knor en vermaan.....

Di oggend ontmoet hy di ousbaas by di stal en sé : "Mor'e," mar di ousbaas sé ver hom ewe vrintelik "goeie mor'e, Klaas !" nes altyd, en verder praat hy nikks ni.

Nou knaag outa syn gewete nog meer. Hy denk : aans by di kraal sal ek myn pokkel knor kry. Mar ne, di ousbaas kom self di bokke uittel, mar hy praat nog nikks ni. Nou voel outa nog meer ongemakkelik ; want daar binnekant is 'n dingetji wat ni speul met hom same ni. En di liwe dag loop hy nou met di knaging : "Praat sal di ousbaas seker ; want ek weet hy vermaan ons te getrou... Had di ousbaas tog nou mar liwers van mor'e myn vermaning gegé, dan was di ding tog verby." Nou loop outa di hele dag met di ongeruste gewete, wat baing tyd het agter di bokke om met hom te werk.

Di aand dog hy : "Nou sal di ousbaas tog seker praat." Mar né. Hy het di vé ingeja en ver ousbaas "naand" gesé, en ousbaas het weer ewe vrintelik gesé : "goeie navond, Klaas !" en verder nikks. Alles di gewone gang. Skemer donker di vé en alles versorg, kom di famili by nakaar. Elke kind lees 'n stukki uit di bybel, 'n aangdesang word gesing, en ousbaas doen syn gebed vollens gewoonte. Outa sit op syn banki by di middeldeur, gedurende di huisgodsdiens, soos altyd. Na di godsdiens neem outa soos altyd di kan wyn uit di spens en skenk syn dop wyn. "Gesondhyd, ousbaas, gesondhyd,ounooi !" en lekker drink outa syn aanddoppi. Toen dit klaar was sit hy di kan weg, en kom sé : "Nag, ousbaas ! Nag, ounooi ! Nag, klyn basiis en klyn nootjiis !".....

"Nag, Klaas !" sé di ousbaas, en voeg ewe sagmoeidig en vrintelik daarby : "ek hoop jy sal vannag 'n betere nag hé as di vorige nag !"...

Di ander dag sé outa ver ons : "Mar hoor, di ousbaas het ver my baing seer gemaak. Had hy ver my 'n pak sla gegé, het ek ni so seer gekry ni."

En di saans dorptoe ryery was uit, en outa het di drankmisbruik laat staan, en was 'n voorbeeldige gristen syn laaste lewensjare, en hy en oue aya lê op ons famili-kerkhof begrawe, geag en betreur, soos ons y'e famili.

Strywer hiervan is vandag al amper 50 jare oud en met tiane van dank denk hy nog terug an so'n vader, wat deur syn godsalige wandel in sagmoedigheid kinders en diinsbodes wis te win.

S.

### Vreemde Godsdiinste.

#### DI AMERIKAANSE HEELMEESTER.

 AASTE maal het *Ons Klyntji* an syn lessers wat vertel van vreemde godsdiinste in Rusland. Di slag wat uit Amerika, di land van duwigheede en vreemde dinge.

Daar is onlangs 'n wonderbare Heelmeester opgestaan, Francis Schlatter. Hy is in Alsace-Lorraine gebore, en dus 'n Frans-Duitser, 'n man van 39 jare, van middelbare grote, 169 pond swaar.

Hy is daar so vreemd en plotseling opgetré, dat haas nik van hom bekend is ni as wat hy van sigself getuig. Hy was 'n skoonmaker van beroep en Rooms van geloof, totdat syn hemelse "Vader" hom roep om as Heelmeester uit te gaan en alle sike wat na hom kom te genes. Twe male het hy gehuiwer om daaran gehoor te gé, mar di d'rde roeping het hij gehoorsaam. Hy het toen te voet geloop na di weste van di Verenigde State van Amerika, totdat di bloed uit syn voete kom. In Texas het hulle hom 6 weke in di tronk gehad as 'n kianksinnige. Toen hy daar uit kom het hy mar weer verder te voet geloop na Mexiko, waar hy met syn wonderbare genesings begin het.

Nadat hy daar 'n tydji werkzaam was, is hy so daar weggeraak. Toen het hy 40 dage gevas in di woestyn, en daarvandaan is hy te voet gegaan na Lenver, waar hy omtrent 3 maande lang besig was, dag na dag, en tussen 60,000 en 70,000 sike lydende an alle kwale behandel het. Nou is hy weer stil een nag daar verdwyn, en nimand weet waar hy na toe is ni. Di gedagte is dat hy weer 40 dage vas en dan te voet gaan na Chicago.



PORTRET VAN SCHLATTER.

Di eerste wat elkeen in di persoon tref is syn eenvoudigheid en onbaatsugtigheid. Hy gaan seer eenvoudig gekleed, draag gen hoed ni, en wyger om enige persent of geld an te neem. Ryke mense het hom grote somme geld angepresenteer, om hy ver hulle

geneses het, mar hy wil dit li neem ni. Hy sé, by kan dit ni gebruik ni; hulle moet dit mar ver di arme gé.

Syn gesig lyk persiis na di aftekening van onse Héie Jesus, en dit maak dat nog meer mense in hom glo. In Lenver was dit so'n opskudding dat al di Amerikaanse krante dageliks kolomme vol van hom had, en baing krante let rapporteu's daarheen gesunr, om di man en syn werk te beskrywe. En daar praat di laaste een van Schlatter; di koerantverkoopertjiis roep syn naam uit op di strate; predikante preek van hom op di preekstoele, di dokters bestry hom. Mar di toestroming werd dageliks groter. Di stroom van mense werd naderhend met spesiale tryne been en weer vervoer. Hy ontvang gemiddeld 8,000 briwe per dag, sodat daar 'n aparte klerk voor ang'hou werd en 'n aparte besteller. En tog beantwoord hy al di briwe self snags.



'N ANDER PORTRET VAN SCHLATTER.

Hy was daar huis by 'n vroe're burg meester van di stad, Meneer Fox. Om gedrang te voorkom was 'n houte platform met traliis gemaak langs di man syn tuinmuur, sodat mar een-en agter makaar daar kan deur. Dan staan Schlatter binnekant di muur op 'n stellasi, en een ver een wat verbij kom neem hy di hand en hou dit vas met syn regterhand, terwyl hy met syn linkerhand 'n sakdoek neem wat hulle hom gé, en wat hy segen, sodat hulle meen dat dit genesen-

de krag het, om mé te deel an sike op 'n afstand. Hy hou mar enige tellings imand syn hand vas, di langste is 2 minute. Hy spreek nikks daarby ni. Mar syn oge is mees ten hemel en syn lippe beweeg in stille gebed. As imand syn siukte wil uitlaai, daai sê hy : "Vader weet alles." "Geloof di Vader, en jy sal gesoal d'worde." Mar verder nikks.

So het di man daar gestaan 3 maande lank, van 9 uur in di oggend tot 4 uur in di namiddag, blootshoof en sonder batji, in di brandende son sowel as in di reen. Duisende het hy aldus an di hand gevat soos di stroom voor hom verbij gaan, en honderde verklaarings is daar van mense wat net deur syn handdruk genees is.

'n Krant rapporteur wat self d'ur hom genees is van doofhyd en 'u borskwaal gë 'n uitvoerige beskrywing van syn persoon en werk en genesings. Hy het di oggend om half ses al gegaan en toen was daar al 'n 500 voor hom, elkeen staan te wag op syn beurt. En di middag om 1 uur kom hy eers an di beurt. Soos hy dit beskryf is di man kinderlik eenvoudig. Mar toen hy syn hand neem, was dit nes 'n elektrise skok deur syn lyf gaan.

Hy noem vele gevalle van wonderbare genesings, veral v'n kranksinnige. Di volksgeloof is so sterk dat party briwe an Schlatter kom onder di adres "An Jesus Gristus, Denver." En terwyl hy opsy staan kyk wou 'n negervrou Schl. voete soen as Jesus, mar hy wou dit ni hê ni. Wat egter opmerkelik is: hy noem nooit di naam van onse Here Jesus ni, waarin di Apostels al di genesings gewerk het. Hy praat mar altyd van "Vader".

Ons het inar in kort enige punte genoem, waarvan di Amerikaanse krante vol is. As Schlatter later op 'n ander plek weer optre, deel ons molik weer wat van hom mé.—S.

## Di Afrikaanse Volkslied.

[In 'n vorige nommer het ons di musiek gegé van di volkslied. Ons gë nou di woerde van di hele lied.]

'n Ider nasi het zijn LAND,  
Ois woon op Afrikaanse strand.  
Ver ons is daar gen beter grond  
Op al di wy'e wêreld rond.  
Trots is ons om di naam te dra  
Van kinders van Suid Afrika.

'n Ider nasi het zyn TAAL,  
Ons praat van Kaap tot in Transvaal  
Wat 'nmal maklik kan verstaan,  
Wat gaan di ander tale ons aan?  
Ons praat soos Pa en Oupapa,  
Di Landstaal van Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn WET  
Wat goed gebied en kwaad belet,

En elk syn wet is na syn aard,  
En gaan met syn natuur gepaard;  
So volg ons oek di sede na,  
Was tuis hoort in Suid Afrika.

't Inder nasi het syn REG,  
Al is hy nog so swak en sleg.  
Daar is 'n Oog wat alles merk;  
Hy set di onreg paal en perk.  
Hy kyk oek ons verdrukkers na,  
En waak oek ver Suid Afrika.

'n Ider nasi het syn TYD,  
Om op te groei en af te slyt,  
En soos ons lieve Heer dit doet,  
So is dit altyd wys en goed.  
Daar kom n' dag ver ons oek ja;  
Vertrou op God, Suid Afrika.

Want al di nasiis het één God.  
Hy re'el ider volk syn lot;  
Hy het ver ider volk syn teal.  
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal.  
Wi dit verag sal Syn straf dra.  
O God, b. skerm Suid Afrika!

## Raaisels.

### 7. Wat is dit?

Ik is ni by iets,  
Mar wel by niets;  
Jy vind my wel by ven,  
Mar stellig ni by vis.  
Dis seker en gewis,  
Dat jy my nuu sal ken.

### 8. e i i o j k l n n s t. Span di litters reg in; wi se naam het jy dan?

9. Ik is 'n voorname ligaamsdeel; voeg jy 'n b by my, dan is ik 'n geweer, veral in ou'e in gebruik.

### 10. Woord-raaisel.

Myn eerste deel bestaan uit twé lettergëpe, en is 'n waterplant; myn twéde loop altyd uit in een of ander riviertji, en is di plek waarin di eerste groei; myn g'heel is 'n slagveld in Transvaal, waar hul'e altyd trots op kan wees.

### 11. Bybel-raaisel.

1	2	1, 2, 3 is 'n seun van Jakob ; 2, 1, 4
—	—	'n vrous naam ; 1, 2, 3, 4 'n jonge
4	8	dogter.

### 12. Rebus. Ling

13. Watter hoeners is ni ver water bang ni?  
Antwoorde in te kom tot 15 Mei.

Venterstad.

W. J. SNIJMAN

APRIL 1896.]

ONS KLYNTJI.

 *Hier is nou di Boek waarop so lank gewag en waarna so baing gevraag is.*

---

# DI GESKIDENIS VAN ONS LAND IN DI TAAL VAN ONS VOLK.


---

TWEEDE UITGAAF (Angevul tot 1895 en vermeerder met Bylage).

---


PRIJS 4s. 6d., PER POS 5s.

---



M. H. M.

Ou Woning op di Gedenkskool plaas, waarin nou di Hoofonderwyser woon.  
Di Woning is, na dit afgeneem is, 'n bitji veranderd.



# Gedenkskool van di Hugenote,

IN DAL JOSAPHAT,

DIST. PAARL.

---

Hoofonderwyser	- - - -	Ds. F. S. DU TOIT.
Assistent	- - - -	D. J. BRINK, J.zn.
Musiik Onderwyser	- - - -	ROCCO de VILLIERS.

---

## YAKKE VAN ONDERWYS:

Uitleg van di Bybel, Bybel Geskidenis, Gereformeerde Kerkleer, en wat verder nodig is om di jong klaar te maak ver di anneming as lede van ons Kerk, Hollans, Engels, Latyn, Grieks, Aardrykskunde, Syferkunde, Algebra, Meetkunde, Algemene Geskidenis, Kerkgeskidenis, Geskidenis van Suid Afrika en Engeland, Teken, Musiik op Klavier, Harmonium, Vjool, ens., Sangkuns en onse Psalm en Gesang note, Skoolbestuur, ens., ens.

---

Di Gedenkskool is veral gestig is 'n *gedenkteken* om di nagedagtenis van di Hugenote Voorvaders in eer te hou hy hulle afstammelinge.

Al di *onderwys* daar is gevolgelyk gegrond op di Bybel en Belydenis Skrifte van ons Kerk, as di fondament van alle degelike onderwys.

Di doel is om an onse Afrikaanse kinders 'n opvoeding te ge na hulle omstandighede en behoefté.

Di Kosleerlinge losseer by di onderwysers en staan onder hulle strikte toesig en sorg.

Di betaling is £30 per jaar alles ingesloten, skoolgeld, logies, was en stryk, ens.

Engels word gelyk op in di Gedenkskool geleer met Hollans.

Di kinders wat lus het om examens te maak, word voorberei ver di Elementaire en Hoger Skool Examens, ook ver di Onderwysers Examen en admissi ver di Normaal Skool.

Kinders wat na di Skool kom, moet by Lady Grey Brug Stasi afklim.

Verdere bisonderhede is verkrygbaar by di HOOFONDERWYSER, of by di Sekretaris,

Mnr. IZAK S. PEROLD, Dal Josaphat, Paarl.